**Verklaring van die uitvoerende hoof van Bestmed, Dries la Grange, ten opsigte van die Raad op Mediese Skemas se persverklaring en die daaropvolgende vrae.**

“Ek vind die Raad op Mediese Skemas (RMS) se optrede, om Bestmed se trustees van sy direksie te verwyder, uiters drasties en ‘n teleurstelling om die minste te sê. Dit blyk nie of die RMS die effek wat hierdie maatreëls op Bestmed se lede se belange, wat die Skema verplig is om dit te beskerm, en ook nie die Skema se reputasie, in die minste in aggeneem het nie.

“Verder ignoreer die RMS ook die feit dat Bestmed, voor hierdie aksie, ten volle en onvoorwaardelike samewerking aan die Raad verskaf het om alle kwessies en alle bekommerisse met die Raad, in verband met die saak, op te los,” sê Dries la Grange, uitvoerende hoof van Bestmed.

Onder die huidige omstandighede was Bestmed genoop om die geregistreerde reëls van die Skema te bewerkstelling, wat voorsiening maak vir die onmiddellike verkiesing van geskikte lede om die oorblywende poste van die raad van trustees te vul. 'n Nuwe raad is dus ingevolge die reëls saamgestel, en ten volle funksioneel.

Die raad sal tydens die week van 24 November ontmoet om ten einde 'n voorsitter, ondervoorsitter en statutêre komitees te verkies.

Vanuit Bestmed se perspektief is dit besigheid soos gewoonlik om te verseker dat die lede en werkgewers se belange en besigheid beskerm word. Daar is egter oorblywende kwessies wat dringend hanteer word.

In 2011, het die RMS ‘n roetine-ondersoek uitgevoer by Bestmed. In die RMS se finale verslag, gedateer Maart 2013 en wat in Julie 2013 aan die Skema gestuur is, vervat die RMS riglyne en bevindinge wat vanuit die roetine-ondersoek voortgespruit het.

Die Bestmed-trustees het onmiddellik gereageer deur die indiening van 'n appèl by die Registrateur van die RMS teen 'n paar van die besluite en voorskrifte wat dit geneem het waarmee die Skema nie saamgestem het nie.

Ten spyte van hierdie hangende appèl het Bestmed al sedert vroeër vanjaar konstruktief met die RMS te werk gegaan om hierdie verskille in perspektiewe en realiteite tussen die partye op te los. Hierdie interaksies is deursigtig, maar was, noodgedwonge ten tye kragtig. Bestmed het op elke navraag wat in die inspeksieverslag en die daaropvolgende navrae en korrespondensie van die RMS gereageer. So ver as dit die direksie en uitvoerende bestuur van Bestmed aangaan, is alle voorskrifte en bekommernisse breedvoerig met die RMS en met die Registrateur aangespreek.

Soos die RMS gedurende die afgelope paar dae in die openbaar verkaar het, hou die grootste bekommernisse verband met skynbare verkwistende besteding op reis, jag, sport wedstryde en 'n Neil Diamond-konsert.

“Ek en my kollegas, erken dat hierdie die belangrikste onderwerpe van ons betrokkenheid by die RMS is, maar is bekommerd dat die feite wat in die openbaar verskyn het nie akkuraat is nie. Die syfers wat bekend gemaak is in verband met hierdie uitgawes is verkeerdelik. Baie betrokkendes in hierdie gebeurtelikhede het die kostes self verhaal en nie 'n enkele sent van die lede se fondse is gebruik vir die vlug oor die Victoria-waterval en die Okavango Delta nie".

“Die feit dat, as 'n positiewe reaksie op die Raad se kommer (en ten spyte van die siening dat die Skema en sy lede uit te belêgging in hierdie bemarking inisiatiewe bevoordeel is), het ons stappe geneem om die uitgawes te herstel na hierdie aangeleentheid geïnisieer het. Dit word egter glad nie in die Raad se persverklaring genoem nie, dit verwring die feite en is duidelik onregverdig.”

Ek het gedurende die afgelope aantal maande die proses met die RMS voortgesit, maar daar was egter geen kommunikasie vanaf die RMS in die afgelope maande vir verdere betrokkenheid of vir addisionele inligting wat deur die RMS vereis was nie.

“Die Bestmed-trustees, my uitvoerende kollegas en ek het verkeerdelik aanvaar dat die saak ter ruste gelê is. Hierdie siening is aangevuur deur die feit dat ons 'n formele versoek aan die Raad op Mediese Skema gebring het om te bepaal of daar enige onopgeloste kwessies van hulle kant af was en ook formeel aangedui dat, indien die Skema nie enigiets tot die teendeel hoor nie, Bestmed sal aanvaar dat alle sake opgelos is,” verduidelik La Grange.

Die Bestmed raad van trustees, in die gees van die konstruktiewe betrokkenheid het aangedui dat die appèl teen en die hersiening van die RMS se bevindinge, formeel teruggetrek sal word tot sodanige skriftelike bevestiging ontvang is van die Raad.

Geen datum is egter ooit deur die RMS vir die appèlverhoor aan Bestmed gekommunikeer nie.

Onder hierdie omstandighede is dit geen wonder dat Bestmed se raad van trustees en die uitvoerende bestuur uit die veld geslaan is deur die RMS se optrede nie. Hierdie tipe optrede kom gewoonlik in die geval waar ‘n mediese skema in groot gevaar is oor wanbestuur kwessies, wat nie in hierdie geval op Bestmed betrekking het nie.

“Bestmed se resultate reflekteer ’n skema met ’n goeie risikoprofiel, ’n hoë vlak van korporatiewe beheer, een van die laagste nie-gesondheidsorguitgawes in die bedryf met meer as voldoende reserwes.

“Die ledegeldverhogings van die laaste drie jaar toon dat sodanige syfers in die laer kwart van verhogings in die oop medieseskemabedryf resorteer. Bovermelde toon verder dat ons lede se lidmaatskapbydraes aangewend is vir groei in ’n baie mededingende mark, tot voordeel van ons lede. Hierdie prestasies is moontlik gemaak deur ’n bekwame raad van trustees, toegewyde bestuur en personeel.

“Om beheer te versterk, is die beginsels van ’n nuwe bemarkingsuitgawebeleid by die algemene jaarvergadering in 2014 voorgelê en deur die lede met ’n volstrekte meerderheid goedgekeur.

Ons finansiële stand is gesond, ons voldoen aan al die voorgeskrewe standaarde en ons volstaan aan al die RMS-riglyne wat voortspruit het uit hierdiedie saak.

Al hierdie gepubliseerde prestasies en nog vele meer, weerspieël 'n suksesvolle en stabiele mediese skema met goeie bestuur in plek. Dit kan direk toegeskryf word aan die leierskap, fidusiêre verantwoordelikheid en toewyding van die raad van trustees.

Die prestasies en toekennings van die Skema kan direk toegeskryf word aan die raad van trustees, waaronder lede gekwalifiseerde prokureurs, advokate, aktuarisse, rekenmeesters, akademici en

hoogsaangeskrewe privaatsektor bestuurders is, wat onbaatsugtig in die belange van die lede van Bestmed gedien het, tydens hul ampstermyn wat nou so skielik en drasties beëindig is.

Hoewel hierdie saak met die RMS tans *sub judice* is, is Bestmed verbind om hierdie ernstige saak so spoedig as moontlik, en in die belang van ons lede en alle belanghebbendes op te los. Alle aksies wat in die vervolg deur Bestmed onderneem sal word, sal wees om die Skema se belange ten beste te beskerm. Ons het onder advies reeds weldeurdagte regsstappe geneem en al ons lede en ander belanghebbendes is reeds ingelig daarvan, enige verdere stappe sal ook aan die lede en belanghebbendes deurgegee word.

Van die Kantoor van Dries la Grange, uitvoerende hoof van Bestmed.